

6 Januarie

Johannes 10:22-30

Glo - om God op sy Woord te neem

Jesus onderskei gelowiges en ongelowiges op 'n treffende wyse in *Johannes 10:26 en 27*: " *Maar julle glo nie, omdat julle nie van my skape is nie. My skape luister na my stem, Ek ken hulle en hulle volg My*".

Christus se skape, dit wil sê dié wat in Hom glo, luister na sy stem en hulle volg hom.

Om te glo is dus allereers om die Here op sy woord te neem en daarop te reageer; anders gestel: om sy beloftes te aanvaar en sy bevele te gehoorsaam.

Maar kyk nou: As ek, skrywer hiervan, vir u, 'n vreemde, sou sê: Klim in u motor en ry hierheen, want ek wil u 'n miljoen rand geskenk gee, gaan u my dan op my woord neem en reageer? U sou baie dom wees, want u ken my nie. Hoe kan u my dan vertrou? Die skape luister net na die stem van die herder wat hulle ken.

Om te kan vertrou, moet ek ken. Ons groot probleem met twyfel en onsekerheid lê nie by God nie, maar by onself, daarin *dat ons God nie goed genoeg ken nie*.

Daarom is Woordbediening in die Erediens en Bybelstudie so belangrik, want so maak God Hom aan my bekend, raak ek as't ware vertrou met sy stem, en reageer ek soos die skape wat hulle herder se stem ken...

Sing Psalm 23:1

Ds. D. Postma (Frankfort)